higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N920**(A)**(J10)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)

(5140275)

10 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verduidelikend) en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) het takke oor die hele land. Kansa maak gebruik van vrywilligers om kankerpasiënte fisies en emosioneel by te staan. Die vrywilligers besoek pasiënte tuis en in hospitale, en is ook betrokke by fondsinsameling en ander projekte. Die Bethlehem-tak het vyf personeellede, waaronder die bestuurder. Cindy Abraham is haar persoonlike assistent. Ann Nigel is die suster gemoeid met pasiëntesorg en Chris Fick en Sue Khambule is onderskeidelik verantwoordelik vir fondsinsameling en reklame. Die tak het ook tagtig vrywilligers.

KANSA: BETHLEHEM-TAK
De Leeustraat 33, Bethlehem. Posbus 1225, Bethlehem 9701
Telefoon: 058 303 3522 Faks: 058 303 3523
Takbestuurder: Nicole Harris Harris.n@kansabhm.co.za

VRAAG 1: PRÉCIS

Die bestuurder lees die artikel RED LEWENS (BYLAE). Omdat 'n bloedtekort ook kankerlyers raak, voel sy elke personeellid en vrywilliger behoort bloed te skenk. Chris en Sue stem saam. Hulle besluit om 'n spesiale projek te loods waarvolgens die publiek almal op 'n spesifieke dag by die Bloedbank bloed kan skenk. Dit is ook 'n uitstekende reklamegeleentheid vir Kansa. Die projek sal tydens 'n spesiale personeelvergadering bespreek word. Mev. Harrington maak 'n uittreksel van die artikel ter ondersteuning van die saak en om elkeen wat kan, te oorreed om bloed te skenk.

Skryf 'n opsomming van die artikel RED LEWENS (BYLAE A). Verskaf 'n gepaste titel daarvoor en dui die aantal woorde – nie meer as 120 nie – tussen hakies aan.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3	10	2

[15]

VRAAG 2: NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING

Die spesiale vergadering wat op 14 Julie in die personeelkamer plaasvind, duur 'n volle uur. Die besprekingspunt is: SPESIALE PROJEK – BLOEDSKENKING. Daar word besluit op take en wie daarvoor verantwoordelik is. Cindy neem die volgende kernnotas:

<u>Teenwoordig</u> - alle personeel. <u>Opening</u> - me. Harris. <u>Spesiale projek – bloedskenking</u> – verwys na artikel – tekort aan bloed – plig elke personeellid/vrywilliger bloed skenk. Loods spesiale projek – spesifieke dag bloed skenk by Bloedbank - reklamegeleentheid vir Kansa. Besluite:
1. Bevestig geskikte datum met Bloedbank – Vrydag 25 Aug. of 1 Sept? Sue. 2. Reël vergadering – 28 Julie – 19:00 – vrywilligers inlig – Sue. 3. Nooi gasspreker – skakelbeampte Bloedbank – ek. – 4. Reël persdekking – Chris. <u>Afsluiting</u> – 09:00.

Skryf die notule van die spesiale vergadering.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	12	4

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: BRIEF – UITNODIGING AAN GASSPREKER

Tydens die vergadering word besluit dat Cindy 'n uitnodiging aan die skakelbeampte van die Suid-Afrikaanse Bloedbank moet rig om as gasspreker op te tree tydens die vergadering met die vrywilligers. Die skakelbeampte is die aangewese persoon om die vrywilligers bewus te maak van die tekort aan bloed en om hulle te motiveer om bloed te skenk. Hy/sy kan ook die vrae voornemende bloedskenkers beantwoord. Cindy stel vas dat die skakelbeampte mnr. Clive Petersen is. Hy woon in Bethlehem en gebruik 'n amptelike voertuig. Cindy skryf die brief wat die bestuurder sal onderteken. Die vergadering sal in die gemeenskapsaal plaasvind. Me. Harris sal die gehoor oor die projek inlig en mnr Petersen daarna aan die woord stel. Hy sal tien minute tot sy beskikking hê waarna die gehoor die geleentheid sal kry om vrae te stel.

Skryf die brief waarin die gasspreker na die vergadering uitgenooi word.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	12	8

[25]

VRAAG 4: VRAELYS

Mnr Petersen aanvaar die uitnodiging en bring ook die vraelys saam wat deur voornemende bloedskenkers voltooi moet word om seker te maak dat hulle aan sekere vereistes voldoen en hulle bloed veilig is. Hy beklemtoon dat dit absoluut noodsaaklik is dat persone wat die vraelys voltooi eerlik moet wees ter wille van die veiligheid van diegene wat bloedoortapppings ontvang. ALLE inligting word dus as uiters vertroulik hanteer.

Ontwerp die vraelys wat mnr. Clive Petersen saamgebring het. Gebruik TWEE vraagtipes om die inligting te bekom.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	11	5

[20]

VRAAG 5: VORDERINGSVERLAG

Die bestuurder moet by die provinsiale vergadering verslag lewer oor die spesiale projek. Sy versoek Cindy om 'n vorderingsverslag daaroor te skryf. Volgens Sue Khambule is die Bloedbank gereed om bloed te trek op Vrydag, 1 September, vanaf 08:00 tot 17:00. Terugvoer is van 57 vrywilligers ontvang wat beslis bloed gaan skenk. Chris Fick tref tans reëlings vir persdekking.

Skryf die volledige verslag in memo-formaat soos Nicole dit sal indien.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	11	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE

RED LEWENS
Dis eersdaags nasionale Bloedskenkersdag.
Ons het meer oor bloedskenking gaan uitvind

Elke eenheid bloed wat jy skenk, kan tot drie lewens red. As elkeen wat kan gereeld bloed skenk, kan die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloedbank (SANBD) aan die groot vraag voldoen. Ongelukkig skenk net 1% van die bevolking bloed.

O Rh-negatief- (O-) bloed word die meeste benodig, omdat dit vir byna enigiemand gebruik kan word. Mense wat tot hierdie bloedgroep behoort, kan egter net O Rh-negatief-bloed ontvang. Groep O-bloed is dus die veelsydigste bloedgroep en dit is belangrik dat daar voldoende voorraad daarvan is. Indien Groep A-bloed nie beskikbaar is nie, kan groep O-bloed gebruik word. Dit is nietemin uiters belangrik dat daar te alle tye voldoende voorraad van alle groepe bloed is.

Enigiemand kan bloed skenk. Die SANBD is dankbaar vir elke vrywillige skenker. Die enigste voorwaardes om bloed te skenk, is dat die skenker minstens 50 kg weeg, tussen 16 en 65 jaar oud is, gesond moet wees, seksueel 'n veilige lewenstyl handhaaf en self hul bloed as veilig beskou. Mense wat onlangs in verbinding was met mense wat seksueel aansteeklike siektes, soos MIV of sifilis onder lede het, moet onder geen omstandighede bloed skenk nie.

Voor 'n mens bloed skenk, moet jy 'n vraelys met jou persoonlike besonderhede invul en vrae oor jou gesondheid, seksuele en sosiale gedrag beantwoord. Iemand sal dan die vraelys saam met jou deurgaan. SANBD doen nie toetse om MIV, hepatitis B en C, sifilis, malaria en die Zika-virus te identifiseer nie. Daarom maak hulle staat op die eerlikheid van die skenkers. Elke eenheid bloed word egter streng getoets sodat dit so veilig moontlik vir die ontvanger daarvan is.

Bloedoortappings is noodsaaklik vir vroue wat baie bloed verloor wanneer hulle geboorte skenk of indien komplikasies tydens die kraamproses voorkom; pasiënte wat chirurgiese operasies ondergaan; pasiënte wat kanker onder lede het; pasiënte met ernstige anemie en ook beseerdes in motorongelukke.

Dis heeltemal veilig om bloed te skenk en glad nie pynlik nie. Alle naalde en vingerpriknaalde is steriel en word slegs een keer gebruik. Ongeveer 480 mℓ bloed word per skenking getrek. Mens kan dadelik met jou dagtake voortgaan. Jou liggaam vul die bloed wat geskenk is binne 'n dag of twee aan en genereer binne drie maande weer rooibloedselle. Indien jy gesond is, kan jy vier keer per jaar bloed skenk met 'n tydperk van drie maande vir rustyd tussenin sonder dat jou liggaam enige skade berokken word.

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 2 Junie 2017]

Kopiereg voorbehou